

Die dood van die weduwee en haar dogter

156

(Mathaël): "Sedert die genesing van hierdie weduwee gaan daar ruim 'n paar jaar verby sonder dat ons iets van haar gehoor het. Op 'n dag, vroeg in die oggend, juis op 'n sabbat, arriveer daar 'n bode van ons weduwee wat my vader versoek om so vinnig moontlik te kom, want die genoemde weduwee het tesame met haar dogter onverwags so erg siek geword dat niemand van haar bure, wat baie oor haar treur, nog aan haar herstel durf dink nie.

[2] Dat ons, ondanks die sabbat, na hierdie berig spoedig op ons drommedarisse sit, hoef skaars vermeld te word, en dat my vader nie vergeet om 'n behoorlike hoeveelheid van die merkwaardige geneesmiddel saam te neem nie, spreek ook vanself, want hy gaan van die natuurlike veronderstelling uit dat hierdie weduwee weer teruggeval het in haar siekte, soos wat dit by sulke siektes dikwels gebeur, en elke dokter weet dat 'n terugval in 'n ou siekte baie hardnekkiger is as wanneer die siekte vir die eerste keer opduik.

[3] Na enige ure bereik ons die bekende huis. Maar reeds op 'n loopafstand van 'n halfuur ontdek ek dat die hele huis in 'n redelik digte, blou newel gehul was; en hoe nader ons aan die welbekende huis kom, hoe duideliker sien ek in die blou newel, die reeds bekende, rondswemmende ongediertes. 'Stop', sê ek aan my vader toe ons nog so 'n sestig treë van die huis af was, 'ons gaan vir ons eie beswil geen tree meer verder nie as ons albei nie dadelik aan die dood ten offer wil val nie; want dieselfde bode, blou newel met sy onheilspellende inwoners omhul nou die hele huis!'

[4] My vader skrik geweldig en hou skielik stil. Hy stuur die bode na die huis van die twee siekes om te gaan kyk hoe dit daar met hulle gaan. Die bode loop dadelik vinnig na die huis en vind beide reeds heeltemal bewusteloos en in 'n onverbiddelike doodstryd.

[5] Toe vader dit van die bode hoor, sê hy aan hom: 'Vriend, ek kan geen wonders doen nie, en dus bly vir my niks anders oor as om om te draai nie, en hoe gouer hoe beter! Ek vertrou nie die vrede om in die buurt van hierdie twee siekes te wees nie!'

[6] Die bode dink egter dat ons tog nog 'n uur moes wag; want mens kon immers nie verseker weet of albei nie nog 'n keer sou bykom nie.

[7] My vader sê: 'Jy weliswaar nie, maar ek weet dit verseker! Alles op die wêreld vertoon in sig, en dikwels ook tot ver om sig heen, bepaalde tekens waaruit 'n kenner met sekerheid kan aflei hoe dit met 'n bepaalde saak of aangeleentheid staan; en so is dit ook hier! Ek sien selfs aan die huis dat beide geen uur meer sal en kan lewe nie! Iedere reddingspoging sou hier volkome tevergeefs wees!'

[8] Julle manlike bediendes van hierdie huis, moet egter klapper- en ringslange in die hande kry, hulle koppe afkap, skoonmaak en kook, en die bouillon daarvan verskeie kere drink, anders gaan julle almal binne 'n jaar dood aan totale uitputting; want die uitwaseming van hierdie twee vroulike wesens, waarvan julle geen kennis het nie, maak dat elke man wat hom veral nou te naby waag, daardeur aangetas sal

word en op sy laaste binne anderhalfjaar letterlik 'n mummie gaan word!'

[9] Die bode bedank ons hartlik vir hierdie raad en wou my vader baie ryklik beloon; maar vader neem niks aan nie, en maak aanstalties om die drommedarisse en die pakkameel om te draai, iets wat by hierdie diere nie so maklik gaan nie, veral as hulle moeg en honger geword het. Hoewel hierdie omkeer van ons draers altyd 'n bron van ergernis vir my vader was, het dit ons hierdie keer goed te pas gekom. Want sou ons diere vinnig gedoen het wat ons wou, dan sou ons twee, en spesifiek ek, 'n uiters gedenkwaardige skouspel gemis het.

[10] Die blou newel word stadig maar seker ruim anderhalf keer so groot, verhef hom egter soos 'n reuse bol weldra heeltemal bo die groot huis, en word nie slegs gevul met beide slangsoorte nie, maar ook met 'n enorme hoeveelheid kwaadaardig- en hier en daar ook sagaardiglykende diere. Hulle beweeg hulle in hierdie groot bol soos kraanvoëls tydens die op- en wegvlieg. Die hele bol was bevestig aan twee snoere, of liever bande wat swak lyk. Die een, ietwat kleiner deel van die bal was effens helderder as die ander deel.

[11] Baie vreemd vind ek dat 'n behoorlike sterk, vroeë aandwind die lossies hangende ballon nie in die minste beweeg nie. Terwyl ek egter hierdie verskynsel vol verbasing in oënskou neem, en dit in Romeins aan my vader beskryf, sien ek ten slotte steeds meer voorbeelde van groter diere soos rotte, muise, konyne, hoenders, duiwe, eende, ganse, lammers, bokke, hase, herte en nog 'n hele boel ander diere in die groot bal rondswerm.

[12] Vader sê aan my: 'Seun, praat jy wel die volle waarheid? Want so word dit vir my tog wel al te deurmekaar!'

[13] Ek sweer egter aan my vader dat ek hom nou, netsoos altyd, slegs dit vertel wat ek duidelik waarneem, geen woord meer en ook geen woord minder nie. Toe sê Vader niks meer nie, en let besonder goed op elkeen van my woorde.

[14] Terwyl ek hierdie vreemdste van alles wat ek ooit gesien het, steeds intensiewer en opgewonderder bekijk, skeur opeens beide bande waaraan die groot bol gevestig skyn te wees, en toe sweef daar in die plek van één groot bol, skielik twee afsonderlik, ongeveer twee manshoogtes hoog bo die huis. Die steeds heftiger wordende wind het daar geen invloed op nie; onbeweeglik sweef beide ballonne nou bo die groot woonhuis.

[15] Ek sien na die splitsing niks meer van die ongediertes in die geskeie ballonne nie, waarvan die een iets kleiner skyn te wees en ook helderder was as die ander; ook bevat die kleintjie slegs 'n bont mengelmoes van louter sagaardige diere, terwyl die grote ook wolwe, bere en 'n groot aantal jakkalse bevat, wat egter langs die talle sagaardige diere wat daar ook was, heel gemoedelik heen en weer, en na bo en na benede rondsweef. Merkwaardig was ook dat ek in die al redelik donker aandskemering alles in beide ballonne so helder en duidelik waargeneem het asof hulle deur die middagson verlig word."

157 (Mathaël:) "Ruim 'n halwe kwartier bly alles

onveranderd, maar daarna tree daar aanmerklike veranderings in. Aanleiding daartoe was 'n swerm ekstere (kraaie) wat aangevlieg kom en baie natuurlik lyk; daar kon goed 'n paar honderd gewees het, wat onrus teweegbring in beide ballonne. Dit lyk asof alle diere tot één geheel saamsmelt, en in beide ballonne word weldra slegs twee werklik reuse groot, vaalwit arende sigbaar wat geweldige aanvalle doen na die kraaie wat na hulle pik. Wee die een wat hulle gevang kry; dié verdwyn dadelik uit hul ballonbedreigende bestaan! Na 'n kort tydjie was alle kraaie opgevrete!

[2] Toe ek dit dadelik waarheidsgetrou aan my vader vertel, sê hy: 'Ja, dit lyk dan tog asof dit die siele van die twee gestorwe vroue moet wees! Hou alles goed dop, en vertel my wat jy ook maar sien, want helaas, so 'n vreemde sterwensgeskiedenis het jy my nog nooit vertel nie!'

[3] Ek sê: 'Vader, ek vertel u dadelik wat ek sien! - Op hierdie oomblik word die ballonne kleiner en die reuse arende verander in - ronduit gesê - twee koeie, maar sonder horings, en ek sien 'n egte mens op die dakbalke klim met 'n bos hooi in elke hand; hy sal tog nie beide koeie daarmee wil voer nie? Waaragtig! Beide reik met hul tonge daarna, en het heeltemal gaan lê, sodat hulle maklik by die uitgereikte bos hooi kan kom; en nou verorber hulle die hooi ook heel op hul gemak!'

[4] Op dié wyse vertel ek my vader dadelik wat ek sien. Nadat die hooi opgeëet was, verdwyn die man van die dak af; maar al gou kom daar 'n ander wat baie anders lyk as die eerste, met twee emmers water, wat vir beide koeie die water voorhou om dit te drink, en die koeie drink dit tot die laaste druppel op.

[5] Vervolgens verdwyn ook die tweede man met die emmers; maar dadelik daarna begin die koeie om vinnig in die rondte te draai. Die vroeëre newelballonne word heeltemal onsigbaar, en deurdat beide wesens so vinnig in die rondte draai, kon ek hulle glad nie meer waarneem nie. Tydens hierdie vinnige rondtdraai word die wesens ook steeds helderder en hulle was ten slotte so helderlig soos 'n ondergaande maan.

[6] Ook daarna hou die draaiery heeltemal op, en in die plek van die voormalige koeie sweef nou twee ietwat maer mensegestaltes, wat heeltemal naak was. Omdat hulle met die rug na ons toe gekeer was, kon ek die geslag nie goed bepaal nie; maar na die grootte te oordeel, was dit tog twee vroulike gestaltes.

[7] Na ongeveer 'n kwartier sien ek weer 'n menslike wese wat met twee bondels op die gewel van die dak verskyn en elk van die twee gestaltes 'n bondel gee. Direk daarna verdwyn die bondelbringer weer, en die twee gestaltes maak vinnig die bondels oop, neem daaruit elkeen 'n liggrys, geplooid gewaad, en gooi dit in 'n oogwink oor hul lyf. Nou kon ek eers met sekerheid vasstel dat beide gestaltes behoort aan die merkwaardige weduwee en haar doofstom dogter. Hulle lyk na my mening wel maerder, maar dit was ongetwyfeld tog hulle!

[8] Toe hulle nou so as egte vroulike gestaltes heeltemal by die gewel van die dak binne my gesigsveld staan, kom die twee manlike gestaltes in liggroen mantels weer die dak op na hulle toe, en wink hulle om hulle te volg, wat beide vroue ook sonder enige aarseling doen.

[9] Hulle gaan in 'n suidelike rigting in. Weldra verdwyn hulle volledig uit die gesigsveld, maar ek hoor daarna iemand duidelik sê: 'Elohim die Meester alleen sy alle dank en lof en alle eer vir die redding van hierdie twee armes!'

[10] Wie hierdie woorde uitgespreek het, weet ek nie; maar ek het dit hard en duidelik gehoor! Hulle kon onmoontlik afkomstig gewees het van die twee manlike gestaltes, omdat dié toe lankal êrens ver weg was. Iemand anders agter my moes die woorde uitgespreek het. Maar wie, dit is 'n heel ander saak!

[11] Wie dit mag uitgespreek het, het uiters min met die verhaal te doen gehad; dat die woorde egter goed en veelbetekenend was, is wel seker! Want beide wesens het, in die geheel geneem, goed en ingetoë geleef, het baie goed vir die armes gedoen en was daarby ook uiters godvresend, sodat dit daarom ook bietjie moeilik te verstane was waarom die stem nou juis spesifiek vir die redding van hierdie weduwee en haar doofstom dogter Elohim dank, lof en eer gee. Die stem moes daarom iets meer weet of geweet het as dit wat my verstand selfs nou kan verstaan.

[12] U, o Meester, weet egter goed wat vir ons in hierdie sterwensgeskiedenis almal 'n raaisel sal bly! Daarom wil ek oor die geheel sekerlik geen vraag meer stel nie, omdat die hele geskiedenis tog al van a tot z 'n vraag is; O Meester, lê daarom dadelik liewer alles uit, want ek weet nie wat ek daarvan moet maak nie! Die siekte op sigself was al baie raaiselagtig, laat staan die verskynsels tydens en na die afsterwe! Die opstyg van die blou newel bo die huis, wat kennelik geestelik was, die diere daarin, daarna die splitsing van die een groot ballon in twee kleineres, die plaende ekstere, die reusagtige adelaars, die verandering daarvan in koeie sonder horings, ensovoorts,- kortom, alles is 'n fabel wat absoluut nie, en deur niemand, te glo is as mens dit sommer êrens sou vertel nie! Maak daarom, o Meester, as U so barmhartig wil wees, hierdie geskiedenis bietjie meer verstaanbaar vir ons; want tot op hede hang tussen my en dié geskiedenis meer as die drievoudige (voorhangsel) doek van Moses!"